Maandag

Mat. 27: 15 – 26, Mat. 4: 1 – 13; 2 Kor.11: 2 – 4, 12 – 15. Teks Mat. 27: 17: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat, Jesus Barabbas of Jesus wat as Christus bekend staan? Tema Jesus is God met ons, nie ons vryheidsvegter nie. Pilatus stel die Jode voor die keuse: kies tussen Jesus Barabbas en Jesus die Christus. Pilatus is die hoofregter en goewerneur, politieke hoof die Romeinse distrik Judea en Samaria. Jesus is gevange geneem deur die Jode se tempelwagte na die Joodse Raad hom ter dood veroordeel het en toe aan die soldate van die Romeinse Ryk, wat as polisie opgetree het, oorgelewer as misdadiger. Die doodstraf was net in die hande van die Romeinse owerheid. Daarom moes Pilatus as hoofregter Jesus eers siviel verhoor en hy kon hom net vir oortredings volgens die Romeinse staatswetgewing ter dood veroordeel. Pilatus het geweet dat die Jode afgunstig was omdat baie van die volk Jesus as die Christus gesien het. Hoe die Jode Jesus met sy intog in Jerusalem en by die tempel as die Christus ontvang het met die krete “ Hosanna vir die Seun van Dawid” was bekend aan Pilatus wat gereed was vir enige godsdienstige onrus toestand in Jerusalem tydens die Paasfees. Ons moet onthou dat die inwoner tal van Jerusalem, omtrent 40,000 mense was maar dat met Paasfees daar tussen 180,000 tot 200,000 feesgangers was. Almal toegewyde Jode wat net een God aanbid en die afgode van die Romeine verwerp. Pilatus het dit as ‘n plofbare situasie bestuur. Tydens die hofsaak het Pilatus klaar besluit Jesus is onskuldig aan enige halsmisdaad omdat Hy geen Romeinse wet oortree het nie. Hy moes Jesus net onskuldig verklaar en vrylaat. En toe speel Pilatus politiek met die hofsaak. Hy gee nie ‘n hofuitspraak as regter nie, maar maak ‘n magspel met Jesus se onskuld. Pilatus wil soos gebruiklik vir hulle ‘n politieke gevangene vrylaat tydens Paasfees om welwillendheid tydens hierdie massa saamtrek te skep en só te help om die godsdienstige vrede tussen Rome en die Jode in die Paastyd te handhaaf. Daarom gee hy vir die Jode die keuse wie hy moet vrylaat: Jesus Barabbas of Jesus die Christus. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds.  Petrus

Dinsdag

Mat. 27: 15 – 26, Mat. 4: 1 – 13; 2 Kor.11: 2 – 4, 12 – 15. Teks: Mat. 27: 17: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat, Jesus Barabbas of Jesus wat as Christus bekend staan?" Tema: 'Jesus is God met ons - nie ons vryheidsvegter nie.' In Pilatus se keuse stelling tussen Jesus Barabbas en Jesus die Christus dink hy soos ‘n Romein. Jesus Barabbas is vir hom ‘n terroris wat politieke moorde gepleeg het in die godsdienstige magstryd van die Jode teen Romeinse oorheersing. Pilatus was oortuig van Jesus se onskuld volgens die Romeinse reg en sy vrou was deur ‘n droom oortuig dat Jesus ‘n regverdige man was, dit is, godsdienstig regverdig. Pilatus gee vir die Jode volgens sý eie mening ‘n keuse tussen ‘n onskuldige en godsdienstig regverdige man en ‘n politieke terroris en moordenaar. Hy het polities gereken op die Joodse vroomheid en godsdienstigheid om vir Jesus die Christus se vrylating te kies. Dit was ‘n misgissing aan Pilatus se kant. Dit is nie hoe die Jode die teenstelling in die keuse tussen Jesus Barabbas en Jesus die Christus gesien het nie. Barabbas beteken “ seun van die vader.” Dit beteken nie sommer net “pappa se seun”  nie maar is ‘n verwysing na die Dawidsbelofte waarin God vir die Messias, die Christus se Vader sal wees en die Christus sy Seun sal wees (2 Sam. 7: 11). Dis

presies hoe Jesus van Nasaret Homself tydens sy hele optrede as die Christus openbaar het! Die keuse was vir die Jode tussen twee soorte Messiasse:
a. Die Verlosser, Seun van die Vader (Barabbas)
b. en die Verlosser, Jesus die Christus. Jesus Barabbas was ‘n Joodse Messias, ‘n Joodse Christus net soos Simon Barkochba ‘n 100 jaar voor hom was in die Makkabese vryheidsoorlog van die Jode teen Rome.
Wat is ‘n Joodse Messias? Hy is vir die volk van God ‘n leier wat God gee vir die godsdienstige vryheidstryd van die volk van God teen die onderdrukking van wêreldse goddeloses en afgodsdienste, om ‘n eie selfstandige Joodse staat in die wêreld op te rig en al die heiden nasies aan hierdie Joodse staat van God te onderwerp. Dit is hoe hulle vandag nog die Christus verwag.
Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Woensdag
Mat. 27: 15 – 26, Mat. 4: 1 – 13; 2 Kor.11: 2 – 4, 12 – 15. Teks: Mat. 27: 17: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat, Jesus Barabbas of Jesus wat as Christus bekend staan?" Tema: 'Jesus is God met ons - nie ons vryheidsvegter nie.' Hoe openbaar Jesus Christus wie is Jesus Barabbas? Is dit maar net twee verskillende soorte geestelike leiers wat beide ervaar en beleef kan word in die naam Jesus, Jesus Barabbas of Jesus Christus? Twee christelike spiritualiteite, ‘n vader spiritualiteit en ‘n Christus spiritualiteit - al twee net ‘n manier om Jesus te vereer? Jesus Christus openbaar in sy versoeking in die woestyn Jesus Barabbas as die Satan se Messias. Barabbas is nie net ‘n variasie van Homself nie. Die Here Jesus het met sy doop openbaar Hý is die regverdige wat in sondaars se plek gaan staan om hulle só vir God reg te maak: onskuldig van sonde in God se liefde vir altyd. Hierteenoor is dit hoe die Satan die Christus, die Messias wil hê:
a. Hy moet deur God se guns en krag brood vir sy eie en die Joodse volk voorsien.(Dit was Jesus Christus se eerste versoeking in die woestyn.) Dit is aan hulle fisiese behoeftes voorsien. In ons taal vir kos, klere, werk, huise, water en krag. Hy moet die leier van voorspoedgodsdiens wees.
b. Hy moet die offerdiens in die tempel God se mag op aarde maak; Hy moet Homself die leier van hierdie offerkultus maak (van die tempel se dak afspring - 2de versoeking)
c. en Hy moet alle nasies van die wêreld aan sy geestelike mag onderwerp. Hy moet in die Naam van God, God se geestelike vryheidsvegter vir onderdruktes wees.
Só openbaar die Here Jesus hoe ALLE geestelike Christusse altyd is en sal wees in die naam van die sogenaamde Vader – so is Satan se Christus. Dis nie net ‘n ander manier om die Here Jesus Christus te vereer nie. Die Here Jesus het deur sy hele lewe Homself onderskei as dat hy nie die Satan se Christus is nie - nié God se vryheidsvegter nie. Dit is presies hoe Jesus Homself onderskei toe een van sy dissipels, waarskynlik Petrus, vir Hom in die tuin van Getsemane met ‘n swaard wou veg. Dit is hoekom die Here vir hom sê: Bêre jou swaard op sy plek.” Hy is nie die Satan se vryheidsvegter wat die offerkultus kom verdedig en nasies aan die offerkultus kom onderwerp nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co,za Ds. Petrus.

Donderdag
Mat. 27: 15 – 26, Mat. 4: 1 – 13; 2 Kor.11: 2 – 4, 12 – 15. Teks Mat. 27: 17: "Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat, Jesus Barabbas of Jesus wat as Christus bekend staan?" Tema: 'Jesus is God met ons - nie ons vryheidsvegter nie.' Hoe en wat kies die Jod toe? Die Jode kies toe vir Jesus Barabbas en dwing hulle keuse met geweld op Pilatus af. Pilatus is totaal onkant gevang met die Joodse vroomheid. Hulle verkies 'n terroris en moordenaar bo 'n onskuldige regverdige man. Magteloos omdat hy hulle die mag gegee het om te kies wou hy weet wat hy met die Here Jesus moet doen. As hulle teen sy wil skree Hy moet gekruisig word wil hy weet wat Hy verkeerd gedoen het. Die Jode gee nie verduidelikings nie maar gebruik net massa-opsweping en dreigende massa-geweld om hulle geestelike vryheidsvegter vry te laat om weer vir hulle 'n vryheidsvegter te wees. Hulle skep hierdie massa-geweld waarin 180,000 ander Jode in Jerusalem meegesleur kan word.
Wat kies die Jode? Hulle kies vir
* die mag van hulle offerkultus in die tempel as die geestelike mag waardeur hulle alle nasies aan God se mag op aarde sal onderwerp. Hulle kies vir geestelike mag! Geestelike mag oor mense deur skuld voor God en offers vir God en hierdie keuse het uitgeloop op die oorlog teen Rome waarin die tempel in die jaar 70 n.C. verwoes is en weer 'n godsdienstige oorlog teen Rome in 120 n.C. waarin die stad Jerusalem met die grond gelyk gemaak is en die naam verander is na Aelia. Dit is die betekenis van die Here Jesus se woorde in Getsemane – " Want almal wat die swaard opneem sal deur die swaard omkom" (Mat. 26: 52).
Waartéén kies die Jode as hulle teen Jesus die Here, die Christus kies? Hulle kies teen die Christus wat gesê het Hy gaan die tempel afbreek en só 'n einde aan die offerkultus vir God maak. Hulle kies om die Here Jesus uit die geestelike en wêreldse gemeenskap te verwyder. Volgens hulle het die Here Jesus Christus nie plek binne die geestelike mag van die offerkultus nie en ook nie geestelike mag oor die nasies van die wêreld nie. Daarom is daar vir Hom geen plek in die godsdiens of die wêreld nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Vrydag
Mat. 27: 15 – 26, Mat. 4: 1 – 13; 2 Kor.11: 2 – 4, 12 – 15. Teks Mat. 27: 17: "Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat - Jesus Barabbas of Jesus wat as Christus bekend staan?" Tema: 'Jesus is God met ons - nie ons vryheidsvegter nie.' Ons moet hier weer die ironie vind van die evangelie – die Jode verwyder Jesus Christus uit die wêreld, maar dit is hoe Jesus Christus God met ons in die wêreld word (Mat. 28:20) – om die offerkultus te vernietig deur self die offer te wees in ons plek. Dit het hy al met sy doop gewys. En daarom skeur die tempel se voorhangsel toe die Here sterf. Hy beëindig alle offerkultusse deur met sy offer gelowiges onskuldig in God se liefde te laat leef (Mat.28: 20). Jesus is vir altyd die Christus wat die offer vir ons sonde is om vir altyd God in liefde met ons te wees, BINNE en TUSSEN die nasies van die wêreld. So is ons sy kerk wat Hom in opregtheid en reinheid kan aanbid en dien, IN en TUSSEN alle godlose gemeenskappe en nasies. In en deur hulle verwerping het Hy die Christus geword wat altyd God in liefde met ons is, onskuldig in sy plek omdat Hy skuldig in ons plek was. Hy is nie een van Satan se baie Messiasse vir elke spirituele ervaring van goddeloses nie. Hy is die Christus wat vir ewig Christus is en

God met ons is. Satan se Christusse kom en gaan volgens die begeertes van mense. Watter Christus het ons gekies en aanbid ons met hierdie jaar se Paasfees? Jesus Barabbas of Jesus, die Christus? Die Verlosser, seun van die vader, "God" se vryheidsvegter wat die offerkultus "God" se mag op aarde maak, wat alle nasies aan "God" se mag onderwerp ÓF Jesus die Christus wat self die offer vir ons sondes is sodat Hy God met ons in liefde is? Jesus is die Christus wat God met ons is - nie die Satan se vryheidsvegter vir menseregte, Afrika-regte, die regte van die LBGT gemeenskap, volksregte, die regte van minderheidsgroepe, verstote mense of sosiale randfigure nie! Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.